

CrossroadMessage  
WisspadBoodschap

**Spreuke 22:1** 'n Naam is  
verkiesliker as groot rykdom,  
guns beter as silwer en as  
goud.

Landlyn: (018) 473 5354 Faximile: 086 622 5363 E-pos: [admin@crossroad-ministries.co.za](mailto:admin@crossroad-ministries.co.za)  
Posadres: 94 Dickens Ave, Orkney, 2619 Francois – 079 498 6099 René – 073 258 2688  
First National Bank: 62016730865 Takkode: 230102 Tjekrekening



## ***Is someone sucking the life out of you?***

Hierdie is 'n uitreksel uit Francois se boodskap tydens ons NWBC Biker's Church diens op 16 Jan 2011 en ons voel net dat hierdie woord dalk vir meer as een persoon is...

Bad relationships and friendships have destroyed the potential and ability of millions of people. Whoever cannot increase you will eventually decrease you. If they are not taking you higher, then they are dragging you lower. Examine the people occupying time in your life and start separating yourself from the spiritual leeches.

Do you feel worn-out, spiritually dead, and lonely ?  
Who is around you ? Is someone sucking the life out of you like a vampire or a tick ?

**"You chose  
Christ, and that  
means you must  
follow Him with  
everything you  
have!"**

**JESUS DID NOT HANG AROUND THAT KIND OF PERSON. YOU WILL NOT RECEIVE ANY LIFE! YOU NEED TO MOVE THOSE ZEROS OUT OF THE WAY! STOP WASTING YOUR TIME with non-productive relationships, and do not feel guilty about making changes. All of them have the same opportunity you did - they can choose Christ and pursue His purposes with all their hearts or they can keep their "Zero growth, Zero effort, Zero results" game plan. The problem is theirs, not yours.**

- ✓ Het jy Geestelike hulp nodig?
- ✓ Het jy genesing nodig..siel, gees en liggaam?
- ✓ Soek jy antwoorde op jou lewe?

**Grace Line is 'n 24/7 Hulplyn**  
en ons kantore is oop vanaf  
09h00 elke dag!  
h/v Platan & Janice St,  
Klerksdorp

Crossroad Ministries  
www.crossroad-ministries.co.za  
**Grace Line**  
RESTORATION SALVATION DELIVERANCE HEALING  
072 551 7653  
The Spirit of the Sovereign Lord is upon me,  
for the Lord has anointed me to bring good news to the poor.  
He has sent me to comfort the brokenhearted  
and to proclaim that captives will be released  
and prisoners will be freed. (Isaiah 61 NLT)



## ***Die Here vergroot ons grondgebied!***

Ons is seker daar is mense wat letterlik dag en nag bid vir Crossroads Ministries, want ons ervaar soveel seën uit God se hand! Ons biker's bediening is besig om met rasse skrede te groei in SA. Op 30 Januarie is die eerste biker's diens gehou in die **Wes-Rand onder leierskap van Ps Johan van Eck** wat ook die pastorskop sal vat van die West-Rand Biker's Church.

Ons is ook besig om uit te brei na ander dele van die land en sal vir julle op hoogte hou van God se groot werk onder die biker's gemeenskap! Dankie vir elkeen se gebede en ondersteuning. Ons het nodig dat mense ons rug toemaak in gebed, want die aanslae is groot en die vyand is beslis nie gelukkig met die huidige stand van sake nie! Ons gaan binnekort 'n paar awesome testimonies op die website publiseer...watch the space! [www.nwbikerschurch.co.za](http://www.nwbikerschurch.co.za)



# PROFETIESE VROUEKAMP

## 2-4 SEPT 2011-02-08


### Deo Gloria, Barkley West

## Slegs R220 per vrou!

*Jubilee is die jaar waarin skuld afgeskryf word! Jesus Christus, die ram wat voorsien is, maak jou vry van alle skuld! Waar die Gees van God is, daar is VRYHEID!*

Jubilee (Hebreeus – Yobhel (לְבוּי) Yobhel beteken "ram" (verwysend na Jesus Christus as die ram wat voorsien is) en word aangekondig deur die blaas van die ramshoring (Shofar) tydens die Yom Kippur fees. Jubilo (Latyns) beteken "to shout", "victory cry" of "shout for joy"

**Boek vandag al jou plek!**



Crossroad Gospel Message First National Bank: 62016730865 Branch Code: 230102

EK WEET WAAR EK WAS				EK WEET WAAR EK NOU IS				EK WEET WAARHEEN EK OPPAD IS					
1920—1930	1930—1940	1940—1950	1950—1960	2011	2010—2020	2020—2030	2030—2040	2040—2050	2050—2060	2060—2070	2070—2080	2080—2090	2090—3000
1960—1970	1970—1980	1980—1990	1990—2000										

Dit is hier in die — waar (B) jou siel, wil, denke, gedagtes en emosies jou lewe beheer. Jy lewe 'n val en opstaan lewe. Vra God om jou — in 'n + te verander. Hy wag vir jou, gee Hom 'n kans.



Dit is hier in die + waar (A) jou gees begin beheer neem oor jou lewe, dit beteken jy het God se Heilige Gees 'n kans gegee in jou lewe. Alles in jou lewe sal verander met Jesus Christus in jou hart. Nou sal jy ander om jou kan help.

-10-9-8	-7	-6	-5	-4	-3	-2	-1	Ground Zero	+1	+2	+3	+4	+5	+6	+7	+8+9+10

Dit is seker vir die mens op aarde een van die slegste dinge wat met jou kan gebeur as jy jouself nog nie gevind het nie. As jy vir jouself moet sê: **"EK WEET NIE EINTLIK WAAR EK WAS NIE!!"** Of jy sê vir jouself: **"EK WEET NIE WERKLIK WAAR EK NOU IS NIE!!"** Of jy is só onseker dat jy vir jouself sê: **"EK WEET NIE REGTIG WAARHEEN EK OPPAD IS NIE!!"**

Hierdie basiese riglyne mag dalk vir jou soos 'n sondagskoolklassie klink, maar dit is 'n handige tool om iemand wat vër van God verwyder is, te help om die leer te klim na Ground Zero waar hy/sy 'n keuse vir Jesus maak. Die rede hoekom ons dit ook doen is omrede Kruispad geroep is vir die groep van -1 tot -10. Jesus self sê by geleentheid dat Hy gekom het vir die siekes en nie die gesondes nie. Ja ons help ook die gesondes as hul val en seerkry, maar ons roeping is om hierdie –groep te laat omswaai in 'n +groep sodat hulle weer in hulle arena die –minusse kan gaan optel en heelmaak! Glo my, soms kry jy jou dat jy werklik soos 'n -2 optree en dan kan jy maar net op jou knieë gaan en vergifnis pleit! Dis egter goed om te weet waar jou swakplekke is, want dan is jy meer op jou hoede en soos TD Jakes altyd sê: **"Roll up your sleeves and fight the devils of your daddy!"**

# "It's the final countdown!"

**-8-9-10** Ek praat en vloek soos ek wil, ek maak wat ek wil. (B) Moet my nie voorskryf wat om te doen nie. Ek is my eie baas! Ek is my eie god! Masker op masker op masker! Die gees (A) is dood maar so ook die siel en die emosies (B) Die liggaam (C) is totaal die victim wat moet ly.

**-7** Ek staan in 'n verhouding met ME, MYSELF & !! Ek (B) en (C) sal die rykste en beste wees. My gees (A) is vas aan 'n ketting, maar dit pla my nie.

**-6** My kop (B) sê vir my dat baie geld, mooi huise, motors en bikes my 'n wenner sal maak, ja, dan sal ek 'n beter mens wees. Die kerk sien my wanneer ek die kerk sien. Die liggaam (C) volg maar die kop (B) van jol tot jol. In my gees (A) is ek dood.

**-5** As ek na myself kyk wonder ek soms in my gedagtes (B) of God my werklik kan liefhê. My gees (A) voel baie verwar, tog ervaar ek God moet my ook kan liefhê en verstaan.

**-4** God is baie in my gedagtes (B) ek dink dit is tyd om nader aan die Here te kom. Ek ervaar God is besig om dinge in my gees (A) in plek te skyf. My liggaam (C) is die een wat elke keer die "punch" vat as my kop (B) maak net wat hy wil. Koppie raas... lyf kry seer!

**-3** Ek is bly daar is 'n kerk en ander mense wat my aanvaar soos ek is..EN NIE JUDGE NIE! Ek voel iets sê vir my in my gees (A) die uurglas is volgemaak. My liggaam (C) wil nie meer die victim van sonde wees en sukkel om toe te kyk hoe die tyd uitloop nie. In my gedagtes (B) beleef ek dit ook ek kyk met ander oë na God en mense om my.

**-2** Ek is trots om te kan sê ek het 'n kerk en ek kom kerk toe so dikwels as wat ek kan. My gees (A) oefen hard om alles wat ek van God hoor te verstaan. My liggaam (C) sweet nog om Sondae by die kerk te kom, maar hy werk goed saam. In my gedagtes (B) ervaar ek daar is 'n lig wat aangaan. Ek weet God is besig met my.

**-1** My verhouding met die Here en mense om my raak elke dag beter en beter. Ek probeer kerk bywoon soveel as wat ek kan. Ek lees ook meer en meer my BYBEL en praat meer oor en met die Here. Ek ervaar nou dat my gees (A) soek na die dinge van die Here. My denke my gedagtes (B) verander ook. Ek kom agter ek praat al hoe meer goed wat sin maak. Ek maak nog foute, maar dit begin my pla, want die Gees van God oortuig my wat's reg en wat's verkeerd.

**GROUND ZERO!! = EK NEEM JESUS AAN!**

**+1** Met Jesus nou in my lewe en my gees (A) vervul met God se GEES, is ek nou deur genade bó! My gees (A) neem nou beheer, maar ek moet die BYBEL, die Woord van God lees en toepas om my denke (B) en my liggaam (C) te help om ook bo uit te kom. Bó beteken my denke (B) my liggaam (C) moet submit aan my gees (A).

**+2** God se Woord sê: "Julle is die lig van die wêreld!" Ek verstaan dit nou. Ek getuig en vertel vir mense om my wat die Here vir my gedoen het. Ek staan nou in 'n verhouding met God en mense om my. My gees (A) sien toe dat my denke (B) hard werk om God se Woord te verstaan. Rom 12:2 My gees (A) soek 'n gesonde liggaam, want 'n gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees. I'm getting there, amen!

**+3** Die BYBEL word my Owner's Manual. Alles wat my gees (A) nodig het om beheer te neem oor my hele mens wees kry ek in die BYBEL. Ek woon kampe en Bybelstudie groepe by om meer van God te leer. My denke en verstand (B) sukkel nog om alles te verwerk en ek maak nog foute, maar my gees (A) verstaan vergifnis. My liggaam (C) raak soms baie moeg, maar God versterk my.

**+4** Hoe meer ek bid en God se aangesig soek, hoe sterker word my gees (A) Ek deel God se Woord met ander mense, by my huis by my werk. WoW! God is groot Hy het my lewe verander! Wanneer satan my aanval in my denke (B) en liggaam (C), het ek die volle wapenrusting van God (Efesiërs 6) aan!

**+5** Hoe groter die Here in my word, hoe kleiner word ek. God se vuur brand soos 'n fakkelt in my gees (A). Ek dink (B) anders oor God en Sy skepping. Ek stel ook my liggaam (C) beskikbaar om ander van Jesus te leer.

**+6** Ek is uitverkoop aan God! Ek hardloop met die Woord van die Here. "I am not ashamed of the GOSPEL of Jesus Christ." My ja is my ja en my nee is my nee. Dink (B) en praat ek nog verkeerd? Beslis, maar ek oorwin my swakhede deur God se Woord toe te pas!

**+7** My gees (A) huil oor 'n wêreld wat sonder God verlore gaan. My gedagtes (B) verstaan God se liefde soos in 1 Korinthiërs 13. As ek fouteer weet ek God vergewe. Met my mond en liggaam (C) wil ek die Here elke dag loof en prys. Psalm 150

**8+9+10** En ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. Galásiërs 2:20 b. Here, maak met my gees (A) siel, wil en denke (B) en liggaam (C) net wat U wil. U is alles in my lewe. AMEN!!

**EK LEEF VOLUIT!! MY LEWE MAAK SIN!**

# Makwassie saai sy 1ste saad...



Ons kan nie genoeg dankie sê vir die Here vir hierdie ontsagwekkende groot blessing nie! Sedert God ons hierdie visie gegee het, het Hy voorsien! Ons uitstaande kostes is op hierdie stadium 'n skamele R9500 dan is alles ten volle betaal! Die Here het vroeg in Desember vir ons saad voorsien vir ons Place of restoration projek in Makwassie en ons het met God se toestemming van hierdie fondse in die studio geploeg aangesien dit vir ons 'n uiterse saak van belangrikheid is om te begin met ons opnames.

Francois het Makwassie toe gery en voor die huisie gaan staan en vir die Here toestemming gevra...en vir Makwassie self natuurlik! Makwassie het gesaai en nou glo ons ook dat daar 'n 100voudige oes wag vir hierdie lappie aarde wat wag om siele heel te maak!

Op hierdie stadium is die huisie bykans klaar gerestoreer wat as basis sal dien vir die verdere ontwikkeling van die kampgronde. Ons glo dat die Here binnkort sal voorsien vir die volgende:

- Stootgraaf om die grond gelyk te stoot
- Staalkonstruksie vir die saal vir ongeveer 100 mense met kombuis en ablusie fasiliteite
- Boumateriaal

Ons harte klop in afwagting, want ons weet dat die tyd min is en dat God besig is om baie dinge in plek te skuif. Ja vriend of vriendin, as jy vandag dalk hier lees en mismoedig voel oor beloftes wat al vir jare lê en sluimer, herinner vandag vir Abba Vader aan jou belofte met die geloof van 'n kind en weet verseker: **IT IS TIME FOR YOUR PROPHECIES TO BE FULLFILLED!!!!**



## KRUISPAD KONING,

Met jou finansies het jy letterlik al 100de siele gewen vir God se Koninkryk!

Ons kan net uit ons harte dankie sê vir jul getrouheid en gehoorsaamheid. Die gety het gedraai, dit is tyd vir BLESSINGS & HARVESTS! Geniet elke oomblik daarvan!

Ons het egter konings verloor langs die pad, maar ons sien dit ook as saad wat ons gesaai het en weet dat God weer konings in hul plek sal oprig 30,60 & 100 voudig!

Dankie aan elke **KRUISPAD KONING** wat ons bediening beskerm deur jou finansies en gebede! As jy graag 'n **KRUISPAD KONING** wil word, kontak ons asb of besoek ons website [www.crossroad-ministries.co.za](http://www.crossroad-ministries.co.za)

**First National Bank: 62016730865**

**Branch Code: 230102**

(Num 6:24-26 NLT)

**May the LORD bless you and protect you.**

**May the LORD smile on you and be gracious to you.**

**May the LORD show you his favor and give you his peace.'**

**SHALOM!!**



**Francois & René**